

**1 Petrus 2:19-25**  
**Misericordias Domini, 10 April 2016**

*Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees. As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.*

*“Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leun gekom nie.” (vgl.Jes.53:9)*

*toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie,*

*toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie,*

*maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.*

*Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeer is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees. Julle het immers vroër soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.*

Bemindes in die Here,

of mag ek nog meer vleidend begin: geliefdes, julle aantreklik, beminlik uitverkorenes. Sien julleself soos God julle sien. Soos Petrus die gemeente groet, is God se groet natuurlik baie meer as wanneer minnaars by mekaar aanlê. Wanneer God ons, sy gemeente, groet, vloei daar alle goddelike liefde na ons toe. En dan moet ek aan my liewe vrou dink (en julle kan aan julle eggenote dink) met watter troetelname julle vir mekaar oggies maak - die een sê “lieffie”, die ander sê “skattebol”, of “bokkie”, “my hartelief”. Amper wil ek sê: God vlei na mense. En wanneer Petrus skryf: ons is *uitverkorenes*; of wanneer ek vir my liewe vrou sê: jy is die uitverkorene - dan bedoel ek nie: daar was 'n keuse van 5 ander vrouens, en nouja, ek maar vir jou gekies, nie. Nee, hy bedoel eenvoudig: jý is die een-en-alles vir my. So moet julle hoor: alle liefde van God geld vir julle, die gemeente, vir jou en my.

Nie net soos dolverliefdes na mekaar verlang, verlang die Here na ons nie, maar ook soos 'n ouers vir hul' kinders lief is, in die oortreffende trap, bemin die God sy kerk. In sy aanhef gebruik Petrus spesifiek die term God “die Vader” - aanduidend soos 'n goeie pa vir sy gesin sorg en alles sal doen sodat dit met sy kinders goed sal gaan, so voorsien God die Vader alles sodat ons, sy geliefdes, in die lewe sal kan staan. En 'n vader laat dit soms ook toe dat die kinders bietjie swaarkry sodat hulle katakter daardeur gevorm sal word, sodat hulle standvastig sal bly staan in die storms van die lewe, sodat hulle voorberei word vir nog grootter dinge. Só beskryf Petrus ook die *voorsiennigheid* van die Here teenoor ons, sy kinders.

Ek verwys daarom na die aanhef van Petrus se eerste brief aan die gemeente, omdat dit nou ook in die 2de (en 3de) hoofstuk van groot belang is, want dit gaan daaroor, hoe Christene hul' posisie in die samelewing behoort te verstaan. Petrus gebruik baie ink om te in diep terme te verduidelik dat Christene as verlosdes inderdaad in 'n baie bevoorregte posisie voor God staan. Nie dat Christene altyd meer deugde opwys as heidene nie of hulle uiterlik altyd voorbeeldig leef nie (hulle behoort ja, maar dit is nie die rede nie) maar soos God vir sy liewe Seun, Jesus Christus, uitverkies het en met sy hele hart bemin, só bemin God ook almal wat met Christus verbonde is en deur sy genade wedergebore met sy hele hart. **Christene is God se oogappel, sy tempel, sy bruid, sy uitverkore priesters, baie spesiale mense.**

Wanneer mense in die gemeente destyds dit gelees het, sal hulle begin wonder: ok, dis gaaf dat die Here ons uitverkies het, maar waarom word ons dan so sleg in die samelewing behandel? Waarom ervaar ons nie welstand en aansien in die gemeenskap nie? Waarom word ons Christene dan uitgewerk, benadeel, en soms ook vervolg - bloot omdat ons te kenne gee, dat ons Christene is? Is God werklik lief vir ons?

Christene in die gemeenskap het hul'self dalk gevra: moet ons nie eerder terughou nie? Ek kan mos ook in stilte my geloof te leef. Ek kan mos op Sondag oggende op die radio 'n diens volg; dit word mos deesdae eintlik vereis dat jou godsdiens is jou privaat-aangeleentheid; moenie daarvoor praat nie want jy gee aanstoot vir ander. As ek my mond hou, sal iemand weet nie en ek sal niks oorkom nie. Is dit dalk die regte manier? Ongelukkig weet ons dat inderdaad deesdae baie Christene hierdie opsie kies: bly stil, en niks sal gebeur nie. Allermens nee! sou Petrus skryf (net soos Jesus dit bedoel het): **Christene is die sout van die aarde.** Hoe kan die sout, sout wees as dit nie ook aangewend word nie?! Dit is asof dit op die grond gemors word en mense sal dit net vertrap. Sout kan net sout wees, as dit in interaksie met die deug is. Daar moet

kommunikasie wees tussen Christene en nie-Christene; daar moet betrokkenheid wees van Christene in die samelewing. En jy sal jou geloofswaardes nie kan wegsteek nie - mense sal sien dat jy anders optree en anders praat en ander waardes het.

So was dit destyds, en so is dit vandag - waardes en optredes van Christene verskil tog tov nie-Christene. Destyds byvoorbeeld, was dit maar aan die orde van die dag dat babas in die rivier gegooi word as niemand hulle wil hê nie. Dit was juis Christene wat van die babas van die ashope af opgetel het en in die huise ingeneem het. Dit was Christene wat begin het om na die weduwees om te sien om verstandelik verdraagdes of siekes begin versorg het. Ook het Christene hulle uitgespreek teen die Gladiatore-spele in die sirkus - dit kan mos nie wees dat mense wat na God se beeld gemaak is, so in die arena verkwes word nie! God hoor die geroep van die verontregtes - en so hoor ook ons Christene die stem van diegene wie se monde deur die samelewing gesnoer word. Ons verhef ons stem wanneer aborsie ter sprake is of wanneer hulp aan vlugtelingen gelewer behoort te word, ens.

Terwyl Christene dan in die samelewing betrokke is, moedig Petrus die gemeente ook aan om teenoor die owerhede respek te toon en om aan die gesag ondergeskik te wees. En hier is dit belangrik om die rede te verstaan: Christus het julle uit hierdie lewe geroep tot 'n nuwe lewe onder Christus. Julle opperherder is nie meer die keiser of generaals nie, maar God wat julle uitverkies het. Julle is bevry tot 'n nuwe lewe. Dit is vir Christene nie nodig om 'n nuwe sosiale orde te revolusioneer nie om hul' vryheid in Christus uit te leef nie. Nee, **waar Christus oor die harte van mense regeer - dáár is die Koninkryk van God**. Petrus skryf verder: daarom kan die slaaf teruggaan na sy baas, die besigheidsman teruggaan na sy winkel en die vrou teruggaan na haar huis toe, en elkeen kan met woord en daad sy nuwe status as Christen leef. Deur julle lewenswandel sal ander mense sien dat julle aan Christus behoort. Julle kan ondergeskik wees omdat die wêreldse magte en heersers nie meer die laaste sê oor julle het nie, omdat hulle magte beperk is tot die uiterlike gesag maar julle harte is vry en gevul met genade en vreugde in die Here.

En tog, julle betrokkenheid in die gemeenskap en julle ondergeskiktheid het sy grense. Daar is situasies waar julle nie mag terugdeins nie. Ek het reeds genoem dat Christene opgestaan het vir die verontregtes. Ook Petrus het voor die Joodse oewerheid in Jerusalem gesê: 'n mens moet God meer gehoorsaam wees as vir mense!

Wat dan nou, wanneer byvoorbeeld die baas van my vereis, ek moet verkeerde syfers vir boekhouding aanteken sodat die firma minder belasting hoef te betaal - maar jou gewete pla jou. In hierdie dae het iemand na my toe gekom en vir raad gevra. Die jong man was in "human resources" in die firma, en sy baas het vir hom verorden om oor die 100 mense af te dank, en welliswaar op so 'n manier dat hulle slegs 2 maande ipv 3 maande se salaris sal kry. Soos die weke verbygaan, het die jong man agtergekom dat hierdie baas enige iemand wat in sy pad staan, sonder rede afdank - 'n harde, gewetenlose diktator wat besig was om die hele firma tot niet te maak terwyl hyself baie geld uitgekry het. Die jong man het beswaar aangeteken; hy kon die tranes nie meer verdra nie van mense wat van vandag tot more sonder werk op straat gaan sit. Dit was ook nie lank of die volgende afdankingsbrief het ook hierdie jong man bereik. Wat staan hom om te doen? Ek het vir hom verduidelik dat hy nie slegs vir sy eie oorlewing veg nie, maar vir almal wat verontreg word. Hy het toe besluit om sy besware verder te neem; prokoreurs is ingeroep en lang onderhandelings was die gevolg. Die jong man vertel van sy slapelose nagte en sy wroeging in die gewete. Uiteindelik het hy toe sy eie afdankingspakket aanvaar met die wete dat sy baas inderdaad voor direkteure verantwoording moet doen, veral wanneer die mense wat al afgedank is, ook 'n saak teen hom mag indien.

Vir my was dit 'n tipiese geval hoe vandag mense benadeel word wanneer hulle opstaan vir wat reg is. Nie om wraak te neem of om jou woede vrye teuels te gee nie, maar bloot omdat die reg behoue moet bly. Hoeveel te meer Christene wat hul'self gebonde sien aan Christus. Christene is nie slegs goeie burgers van die land nie; hulle is kinders van God: Jy moet God méér gehoorsaam wees as vir mense.

Dis nie maklike woorde wat Petrus hier skryf: *Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees*. Daar is soveel ongeregtigheid in die land, soveel leed, soveel tranes. En as jy daarop fokus, sal jy begin twyfel, vertwyfel. Daarom moet jy verseker wees in die geloof.



En nou verskuif die fokus weg van die skape na **die Herder**. Sommiges sê dat 'n herder nie voor aan die kudde loop nie, maar ágter stap wanneer hy sy skape op die veld uitlei. As dít die vergelyking hier is, dan bedoel dit: Christus se sorgsame waaksaamheid oor sy kudde.

Ander beweer dat 'n herder vóór loop om die pad deur die veld aan te wys - dan bedoel dit: Christus se voor-beeld; die beeld wat aan voor ons gehou word om na te volg. Maar hiedie *navolg* van die goeie Herder moenie gesien word as 'n vrywillige keuse wat mense uitoefen nie. Sien, ons het baie voorbeelde in die samelewing: Daar is sporthelde, daar is popmusiek-sterre wat die tieners gaande het, daar is filmsterre met wie almal graag in aanraking wil kom, daar is strewenswaardige voorbeelde in die politiek; ja op elke terrein is daar *genies* en persoonlikhede wat 'n mens kan navolg, aldan nie. Maar by Christus is daar net één voorbeeld wat nagevolg móét word.

Hoe kan dit dan anders, want hierdie voorbeeld is nie slegs ene wat vir ons voorgehou word nie, maar wat ook binne in ons leef. Christus self bring in ons voort waarna ons strew.



Die voorbeeld moet verstaan word soos wanneer 'n onderwyser vir 'n jong kind leer om te skryf. Die onderwyser teken groot letters op die bord. En nou neem hy die kind se hand met die potlood en hy teken saam met die kind op dieselfde lyne soos hy vooraf op die bord geteken het. Die kind leer so om op dieselfde lyne te skryf soos vir hom vooraf geskryf is. Só kan ons Christus se voorbeeld verstaan, dat Hy vooraf vir ons reeds die pad van lyding gestap het. En ons skryf agter Hom aan wat reeds vooraf geskrywe staan.

Wát staan daar geskrywe wat ons moet na-teken? En nou verwys Petrus na die profeet Jesaja. Die godsman van destyds het dit mos reeds uitgespel: *“Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leun gekom nie.”* (Vgl. Jes. 53:9) *toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.*

Dit is die pad wat aan Jesus voorgeskryf was en Jesus het in gehoorsaamheid die pad gestap. Dit was die pad van verlossing en heil vir die hele wêreld. En as Jesus díe pad gestap het, sal ons dit ook stap.

*Navolging* van Jesus, dissipelskap beteken immers dat ons Jesus se voetspore volg. Hy het die pad reeds vooruit gestap - soos iemand wat op die strand gestap het, diep spore is in die sagte sand gestamp en die sand lê nou vas. En nou tree ons in dieselfde voetspore - en siendaar: die sand is glad nie meer so sag en moeilik om op te loop nie.

Omdat Christus self in gehoorsaamheid gely het, stel hy ons nou instaat om ook in gehoorsaamheid te ly. In sy instruksieboekkie (die Bybel) wys God vir ons hoe waar en wanneer Christus gely het. Nou word ons gevra om dieselfde pad van lyding te volg - en ons kán dit doen! omdat Christus ons daartoe instaat stel. Dit is genade wanneer iemand standvastig bly; dit wys mos dat iemand deur God gedra word.



Ek sluit af: Dit skryf Petrus aan 'n gemeente wat bereid moet wees om vervolgd te word. Hulle wat midde in 'n agressiewe heidense omgewing lewe, kan nie verwag om net hulle dae in oorvloed te slyt nie, maar sal soms gevra word om benadeling, veragting en soms selfs die dood op hulle te neem.

Vir ons wat meestal in weelde en gemak lewe, mag hierdie woorde ietwat vreemd klink. Sal ons dan nou lyding moet soek omdat dit deel van ons Christenskap is? Allermens nie. Ons soek nie swaarkry nie, maar wanneer dit kom (en dit sál kom), sal ons nou al weet dat dit iets met Christus en ons geloof te doen het. Christus wil ons sterk maak en voorberei. Nie ons *ego* word groot gemaak nie, maar sy *Ek is* in ons sal meer en meer uitkristaliseer.

Het ons vroër gedwaal, ons eie voordeel gesoek? Dan wil Petrus ons ten slotte vertroos: ons is teruggebring (let op die passief! Ons is terug gebring! Nie: ons het self besluit om na Jesus terug te draai, nie) Ons staan nou onder die wakende oog van die Goeie Herder en bewaker, ons biskop, ons opsigter van ons siele. Bemindes in die Here, mag God sy genade vir ons almal gee. Amen.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Heer en Herder. Amen.